



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2011

MEMORANDUM

GAUTENG

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.

ASSESSERINGSRIGLYNE

AFDELING A: LEESBEGRIP

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. Penaliserings geskied slegs as dit die woordbetekenis verander.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vereis:
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ plus die rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ maar die rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = ✗
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is VERKEERD = ✗
Die rede/motivering/aanhaling = ✗, ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord-antwoorde/twee opeenvolgende woorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **mits** die korrekte woord/woorde onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord/woorde is
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks, sien SLEGS die eerste een of twee (afhangend van die vereiste getal feit(e)/punt(e) gevra) na.
Indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

VRAAG 1					
TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL [Verwerk uit: <i>Leef</i> , Julie 2010] (399 woorde)					
VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
1.1	<ul style="list-style-type: none"> • (In) <i>7de Laan</i> • (In) <i>Sewende Laan</i> (Enige EEN)	1	2	2	1
1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Neville Meintjies • Neville • Meintjies (Enige EEN)	1	2	2	1
1.3	<ul style="list-style-type: none"> • B • Hulle is familievas. • B Hulle is familievas. (Enige EEN)	1	2	2	2
1.4	fondament	1	2	2	2
1.5	<ul style="list-style-type: none"> • Liefde • Respek • Saam besluite neem (Enige TWEE)	2	2	2	1
1.6	<ul style="list-style-type: none"> • Oor hoe hulle die twee seuns wil grootmaak • Oor die seuns (Enige EEN)	1	2	2	2
1.7	1.7.1 Waar (Nie JA nie)	1	2	2	2
	1.7.2 “help wat nie ’n pa het” OF “wat nie ’n pa het nie.”	1	2	2	2
1.8	<ul style="list-style-type: none"> • B • Hy is betrokke by ’n skema wat kospakkies uitdeel. • B Hy is betrokke by ’n skema wat kospakkies uitdeel. (Enige EEN)	1	2	2	3
1.9	Campbell Connor	1	2	2	1
		1	2	2	1
1.10	beroemd	1	2	2	2
1.11	1.11.1 Onwaar (Nie NEE nie)	1	2	2	2
	1.11.2 Hy leef só dat hy ’n voorbeeld vir die kykers stel. (Of enige feit wat aandui dat hy ’n voorbeeldige lewe lei.)	1	2	2	2
1.12	<ul style="list-style-type: none"> • Sy ouers • Sy ma en pa (Enige EEN)	1	2	2	1
1.13	(Van) gholf	1	2	2	1

1.14	<ul style="list-style-type: none"> die verkeerde pad gekies. Zane het die regte pad gekies, maar party van sy maats uit sy kindertyd het die verkeerde pad gekies. Zane het die regte pad gekies, maar party van sy maats uit sy kindertyd het nie. (Enige EEN)	1	2	2	3
1.15	<ul style="list-style-type: none"> Vir wat hy vandag is. Vir die suksesse in sy lewe. Dat hy nie die verkeerde pad gekies het soos baie van sy maats nie. (Enige EEN)	1	2	2	2
1.16	<ul style="list-style-type: none"> Ja. Hy gee vir sy seuns goeie raad. Hy gee baie om vir sy gesin. Hy is baie betrokke by sy gesin en familie. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	2	3
DENKVLAK 1: 8/20 (40%) DENKVLAK 2: 9/20 (45%) DENKVLAK 3: 3/20 (15%) = 100%					
SUBTOTAAL: 20					
TEKS B: ADVERTENSIE					
[Verwerk uit: <i>Huisgenoot</i> , 19 Mei 2011]					
(72 woorde)					
VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
1.17	<ul style="list-style-type: none"> (Op 'n) Maandag (Op) Maandae Heeldag Maandae (Enige EEN)	1	2	2	1
1.18	<ul style="list-style-type: none"> bees(vleis)burger ✓ hoenderburger ✓ ribburger ✓ OF bees(vleis)-✓, hoender-✓ en ribburger✓ OF bees(vleis)✓, hoender✓ en rib✓ 	3	2	2	1
1.19	<ul style="list-style-type: none"> Ek dink dis gemorskos ✓ omdat dit te olierig is.✓ OF Ek dink dis gesonde kos ✓ omdat dit blaarslaai, tamatie en kaas bevat.✓ (Of soortgelyk)	2	2	1	3
1.20.1	Onwaar	1	2	1	2
1.20.2	<ul style="list-style-type: none"> Jy kan ook 'n gebakte aartappel kies. Jy kan ook twee warm groentes kies. Jy kan kies tussen uieringe en skyfies of 'n gebakte aartappel of twee warm groentes. Bedien met Spur-styl uieringe en skyfies of 'n gebakte aartappel OF twee warm groentes. (Enige EEN)	1	2	2	2

1.21	<ul style="list-style-type: none"> • Voorwaardes geld • Slegs Maandae • Heeldag Maandae • Koop een (Enige EEN) 	1	2	2	2
1.22	<ul style="list-style-type: none"> • D • “GRATIS BURGER” word met hoofletters geskryf om die leser se aandag te trek. • D leser se aandag te trek. (Enige EEN) 	1	2	3	2
DENKVLAK 1: 4 /10 (40%) DENKVLAK 2: 4 /10 (40 %) DENKVLAK 3: 2 /10 (20%) =100%					
					SUBTOTAAL: 10
					TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL
DIE LANDSWAPEN SE SIMBOLE****ASSESSERINGSRIGLYNE****RIGLYNE GELD SLEGS VIR 2011****PUNTETOEKENNING**

	PUNTE
Hoofgedagtes (1 punt per hoofgedagte ongeag aanhalings, sinsnede of eie sinne)	7
Taal	3
	10

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE

Die hoofgedagte kan in 'n volsin of in sinsnedes aangebied word, solank dit sinvol is.	PUNTE
1 – 3 hoofgedagtes korrek	1
4 – 5 hoofgedagtes korrek	2
6 – 7 hoofgedagtes korrek	3

SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)

Feit	7
Taal	3
=	10

LET WEL**Formaat:**

Selfs indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied word, moet dit geassesseer word. Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

Woordtelling:

- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidaat se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe getal woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

TOTAAL: AFDELING B: 10

ALGEMEEN

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beslou.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 65 woorde) van hierdie paragraaf nagesien.

DIE LANDSWAPEN SE SIMBOLE

	VERWAGTE ANTWOORDE	TEKS
1.	Die opkomende son simboliseer die geboorte van ons vrye land. OF 1. Simboliseer die geboorte van ons vrye land.	Die son laat nuwe plante groei en is die bron van die lewe. In Suid-Afrika is ons nuwe demokrasie soos 'n nuwe plantjie wat moet groei. Die opkomende son op ons landswapen simboliseer die geboorte van hierdie vrye land waarin ons woon.
2.	Die sekretarisvoël simboliseer die staat as beskermer. OF 2. Simboliseer die staat as beskermer.	Die sekretarisvoël is een van ons land se grootste voëls. Soos die kuikens deur 'n ma-voël onder haar vlerk beskerm word, moet die regering elke Suid-Afrikaner beskerm. Die sekretarisvoël simboliseer die staat as beskermer.
3.	Die protea dui op die groeikrag (van ons nasie). OF 3. Dui op die groeikrag (van ons nasie).	Die protea op ons landswapen dui op die groeikrag van ons nasie. Die koningsprotea is Suid-Afrika se nasionale blom. Die protea is 'n taai plant wat sterk groei. Ons demokrasie moet ook groei sodat dit kan sterk staan.
4.	Die spies en die knopkierie simboliseer die staat se gesag. OF 4. Simboliseer die staat se gesag. OF Die regering wil in vrede en liefde regeer. OF Die regering wil nie deur geweld regeer nie.	Die spies en die knopkierie is tradisionele wapens om mee te veg. Maar op ons landswapen lê dit gekruis en plat omdat ons 'n land is wat in vrede wil leef. Deur die spies en die knopkierie word die staat se gesag gesimboliseer. Dit wys daarop dat ons regering in vrede en liefde wil regeer en nie deur geweld nie.

5.	Die Koisan-figure is simbolies van mense wat saamstaan. OF 5. Is simbolies van mense wat saamstaan.	Die skild is in die middel van die wapen en het twee Koisan-figure op. Twee mense saam is nooit eensaam nie. Die Koisan-figure dui op mense wat saamstaan. In Suid-Afrika moet ons almal saamstaan.
6.	Die vier olifanttande verteenwoordig wysheid, krag, matigheid en ewigheid. OF 6. Verteenwoordig wysheid, krag, matigheid en ewigheid.	'n Olifant is sterk, slim en verwoes nie gewoonlik die omgewing nie. Olifante het 'n rustige geaardheid. Olifanttande (ivoor) is kosbaar en baie sterk. Met die vier olifanttande wat ons in die wapen sien, kry ons 'n voorstelling van wysheid, krag, matigheid en ewigheid.
7.	Die koring is 'n simbool van vrugbaarheid en groei. OF 7. Is 'n simbool van vrugbaarheid en groei.	Koring is een van Suid-Afrika se belangrikste voedselsoorte. In ons land se vrugbare grond groei koring goed. Die koringare dui op vrugbaarheid en groei.
	GETAL WOORDE= (60) (65 maksimum)	
DENKVLAK 1: 0/10 (0%) DENKVLAK 2: 0/10 (0%) DENKVLAK 3: 10/10 (100%) = 100%		
TOTAAL AFDELING B: 10		

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE** [Verwerk uit: [Google Images](#)]

- Spelling moet korrek wees om punt te verdien.
- Antwoorde kan met 'n hoofletter geskryf word behalwe die afkorting .

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
3.1	seuntjie	1	4	1	1
3.2	onderwyser	1	4	1	1
3.3	vriendeliker	1	4	1	1
3.4	hempsmou	1	4	1	1
3.5	sy	1	4	2	1
3.6	goeie	1	4	2	3
3.7	daagliks	1	4	1	2
3.8	op	1	4	2	1
3.9	vyfde	1	4	1	2
3.10	broers	1	4	1	1
3.11	mnr. (Punt MOET daar wees. Nie met hoofletter geskryf nie)	1	4	1	2
3.12	kwaai ste	1	4	2	1
3.13	lekker	1	4	1	3
3.14	<ul style="list-style-type: none"> • gelukkig • bly (Enige EEN)	1	4	1	1
3.15	Sjoe	1	4	1	1
3.16	<ul style="list-style-type: none"> • skatryk • stinkryk (Enige EEN)	1	4	1	1
3.17	die	1	4	1	1
3.18	lewensredder	1	4	1	1
3.19	weet	1	4	1	1
3.20	<ul style="list-style-type: none"> • troeteldiere • huisdiere • diere (Enige EEN)	1	4	1	2
DENKVLAK 1: 14/20 (70%) DENKVLAK 2: 4/20 (20%) DENKVLAK 3: 2 /20 (10%) = 100%					
SUBTOTAAL: 20					

VRAAG 4: SINSTRUKTURE [Verwerk uit: [Google Images](#)]

- Wanneer verlede tyd getoets word, moet **ge-** as EEN WOORD met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as TWEE WOORDE geskryf word.
- Verder tel spelling nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
4.1	(Die bang mense) sal/gaan ✓ in die kar sit . ✓	2	4	2	1
4.2	Oupa skrik vir die leeus.	1	4	2	2
4.3	(Die een leeu) het ✓ op die kar se dak gelê .✓	2	4	2	2
4.4	Die mense in die kar is bang, want die leeus lyk gevaarlik. (Volledige sin korrek vir EEN punt. Indien komma ontbreek, verloor die kandidate nie die punt nie.)	1	4	2	1
4.5	(Die mense) word ✓ deur die leeus bang maak . ✓	2	4	2	2
4.6	(Die seun skree vir die man) om (hulp) te ✓ (kry).	1	4	2	3
4.7	(Daar) is niemand ✓ wat die mense sal help nie . ✓ OF (Daar) is iemand wat die mense nie ✓ sal help nie . ✓	2	4	2	2
4.8	Wie (sit in die motor?)	1	4	2	1
4.9	(Die mense behoort) te (weet dat hulle veilig in die motor is).	1	4	2	1
4.10	<ul style="list-style-type: none"> • (Oupa sê dat) die leeus baie gevaarlik lyk. • Oupa sê die leeus lyk baie gevaarlik. (Enige EEN) 	1	4	2	2
4.11	<ul style="list-style-type: none"> • B • Die bang mense in die kar kyk hoe die saak ontwikkel. • B Die bang mense in die kar kyk hoe die saak ontwikkel. (Enige EEN) 	1	4	2	2
4.12	(Die oupa en die seun sit) al die hele dag baie bang in die kar . (Die volgorde moet korrek wees.)	1	4	2	3
4.13	Nee, daar is nie ✓ 'n man op die motor se dak nie .✓	2	4	2	1

4.14	Elke oggend sien (die) toeriste (die) leeus.	1	4	2	2
4.15	<ul style="list-style-type: none"> • C • ry so reg in die leeu se bek in. • Die mense ry so reg in die leeu se bek in. • C ry so reg in die leeu se bek in. (Enige EEN)	1	2	1	1
4.16	<ul style="list-style-type: none"> • Oupa lyk bang omdat daar twee groot leeus is. • Omdat daar twee groot leeus is, lyk Oupa bang. (Enige EEN) (Volledige sin korrek vir EEN punt. Indien komma ontbreek, verloor die kandidate nie die punt nie.)	1	4	2	2
4.17	(Die leeus) was honger (gewees).	1	4	2	2
4.18	Oupa is deur die leeu dopgehou.	1	4	2	2
4.19	<ul style="list-style-type: none"> • (Oupa vra) hoe hulle✓ by die huis gaan✓ kom. • (Oupa vra) hoe gaan✓ hulle✓ by die huis kom. 	2	4	2	3

DENKVLAK 1: 8/25 (32%) DENKVLAK 2: 13/25 (52%) DENKVLAK 3: 4/25 (16%) = 100%

SUBTOTAAL: 25

VRAAG 5: REDIGERING [Verwerk uit: *Art Explosion*]

- Elke taalaspek verdien 'n punt.

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
5.1	Selfone	1	4	2	1
5.2	woorde	1	4	2	3
5.3	As jy dit nie sal doen nie	1	4	2	1
5.4	bv.	1	4	2	2
5.5	baie	1	4	2	2
5.6	Jy moet jou selfoon afskakel	1	4	2	2
5.7	<ul style="list-style-type: none"> • indien • as • wanneer (Enige EEN)	1	4	2	1
5.8	Jy (Ken die punt toe indien die woord korrek geïdentifiseer en met 'n kleinletter geskryf is)	1	4	1	2
5.9	Is jou selfoon of rekenaar jou baas?	1	4	1	2
5.10	wat	1	4	2	1

DENKVLAK 1: 4 / 10 (40 %) DENKVLAK 2: 5 / 10 (50%) DENKVLAK 3: 1 / 10 (10%) = 100%

SUBTOTAAL: 10

VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 Mei 2011]

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
6.1	<ul style="list-style-type: none"> • B • “Ag nee! SIES! Was julle vuil vloere!” • B “Ag nee! SIES! Was julle vuil vloere!” (Enige EEN) Let op gebruik van uitroepteken en lettertipe. 	1	4	3	3
6.2	<ul style="list-style-type: none"> • A • “Ek is so jammer oor die vuil vloer.” • A “Ek is so jammer oor die vuil vloer.” (Enige EEN) 	1	4	3	3
6.3	<ul style="list-style-type: none"> • D • “Eina! Bel ’n ambulans, ek het baie seer gekry!” • D “Eina! Bel ’n ambulans, ek het baie seer gekry!” (Enige EEN) 	1	4	3	3
6.4	<ul style="list-style-type: none"> • C • Hy is ’n winkeldief wat iets wil steel. • C Hy is ’n winkeldief wat iets wil steel. (Enige EEN) 	1	4	3	3
6.5	<ul style="list-style-type: none"> • A • Baie, groot besparings • A Baie groot besparings (Enige EEN) 	1	4	3	3
DENKVLAK 1: 0/5 (0%) DENKVLAK 2: 0/5 (0%) DENKVLAK 3: 5/5 (100%) = 100%					
SUBTOTAAL: 5					

TOTAAL AFDELING C: 60

AFDELING D: LETTERKUNDE**KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer****VRAAG 7: ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK – Abraham H de Vries**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
7.1	<ul style="list-style-type: none"> • alkohol/ Hy was 'n alkoholis. • (Hy het) te veel gedrink./Hy was altyd dronk. (Enige EEN)	1	2	4	1
7.2	<ul style="list-style-type: none"> • A • sy hare was rooi en sy baard was rooi. • A sy hare was rooi en sy baard was rooi. • Hulle het hom Rooikoos genoem, want sy hare was rooi en sy baard was rooi. (Enige EEN)	1	2	4	2
7.3.1	plaas	1	2	4	1
7.3.2	grond	1	2	4	1
7.3.3	plotjie	1	2	4	1
7.3.4	keel	1	2	4	1
7.4.1	Onwaar	1	2	4	2
7.4.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die punte was gelyk. • Gelykop • Die punte was kop aan kop. • Niemand het gewen nie. (Enige EEN)	1	2	4	2
7.5	Hy het gesorg dat Rooikoos kos/blyplek kry.	1	2	4	1
7.6	<ul style="list-style-type: none"> • C • sy eie dorp se mense • C sy eie dorp se mense (Enige EEN)	1	2	4	2
7.7.1	<ul style="list-style-type: none"> • D • “Julle ditse-datse ditse-datse ...” • D “Julle ditse-datse ditse-datse ...” (Enige EEN)	1	2	4	2
7.7.2	<ul style="list-style-type: none"> • A • Hy het sommer op heelagter loop sit en aan 'n grassie sit kou. • A Hy het sommer op heelagter loop sit en aan 'n grassie sit kou. (Enige EEN)	1	2	4	2

7.7.3	<ul style="list-style-type: none"> • B • Hy het met Rooikoos en met die Barrydalers gepraat. • B Hy het met Rooikoos en met die Barrydalers gepraat. (Enige EEN) 	1	2	4	2
7.7.4	<ul style="list-style-type: none"> • E • “Ja, meneer. Ek ken hom, meneer.” • E “Ja, meneer. Ek ken hom, meneer.” (Enige EEN) 	1	2	4	2
7.8	<ul style="list-style-type: none"> • Skoon/gladde gesig • Sonder sy baard • Swart kop/hare was swart • Vreemde gesig (Enige EEN) 	1	2	4	1
7.9	<ul style="list-style-type: none"> • Ja, want die Barrydalers was kwaad, want hulle het gelykop gespeel. • Nee, want die Barrydalers het hom verneder. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	4	1
7.10.1	Want hy het nie geweet wie hy was nie.	1	2	4	3
7.10.2	<ul style="list-style-type: none"> • want hy het nie meer soos voorheen gelyk nie. • Hy het homself in ’n vreemde plek bevind. (Enige EEN) 	1	2	4	3
7.11.1	<ul style="list-style-type: none"> • Die deel waar Rooikoos by die rugby geskree het. • Die deel waar Rooikoos homself in Barrydale bevind het met swart hare en sonder ’n baard. (Enige EEN of soortgelyke antwoord wat op ’n grappige insident dui.) 	1	2	4	3
7.11.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die Barrydalers het die strafskop misgeskop. • Hy het snaaks gelyk. (Enige EEN of soortgelyke antwoord) 	1	2	4	3
		[20]			
DENKVLAK 1: 8/20 (40%) DENKVLAK 2: 9/20 (45%) DENKVLAK 3: 3/20 (15%) = 100%					

OF

KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer**VRAAG 8: 'N MAN KOM TUIS – Chris Barnard**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
8.1	Skurweberg	1	2	4	1
8.2	<ul style="list-style-type: none"> • vyf honderd kilometer/km • 500 km/kilometer • duisend kilometer/km heen en weer • 1 000 kilometer/km heen en weer (Enige EEN)	1	2	4	1
8.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • een keer 'n maand • A een keer 'n maand (Enige EEN)	1	2	4	2
8.4	<ul style="list-style-type: none"> • D • Hy het sy gesin baie min gesien en was baie lief vir hulle. • D Hy het sy gesin baie min gesien en was baie lief vir hulle. (Enige EEN)	1	2	4	2
8.5.1	uitgemeet	1	2	4	1
8.5.2	ooggestoot	1	2	4	1
8.5.3	vasgetrap	1	2	4	1
8.5.4	ingeplant	1	2	4	1
8.6	<ul style="list-style-type: none"> • bo in die hoofstraat • aan die bopunt van sy straat (Enige EEN)	1	2	4	1
8.7	<ul style="list-style-type: none"> • skoene • dameskoene (Enige EEN)	1	2	4	1
8.8.1	<ul style="list-style-type: none"> • Waar 	1	2	4	2
8.8.2	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het naby Gouws se huis gaan stilhou. • Hy het nie geglo wat Gouws hom vertel het oor die verwelkoming nie, daarom het hy gaan kyk. (Enige EEN)	1	2	4	2

8.9.1	<ul style="list-style-type: none"> • C • het in die straat afgestap totdat hy die huis kon sien. • C het in die straat afgestap totdat hy die huis kon sien. (Enige EEN) 	1	2	4	2
8.9.2	<ul style="list-style-type: none"> • D • het hom eerste gesien. • D het hom eerste gesien. (Enige EEN) 	1	2	4	2
8.9.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • het op die stoel gesit en wol oprol. • A het op die stoel gesit en wol oprol. (Enige EEN) 	1	2	4	2
8.9.4	<ul style="list-style-type: none"> • B • het opgespring en straatop gekyk. • B het opgespring en straatop gekyk. (Enige EEN) 	1	2	4	2
8.10	<ul style="list-style-type: none"> • (Hy het) vir Gouws opgelaai. • (Hy het) vir Gouws genooi om saam te ry. • Hy het geïnteresseerd na Gouws geluister. (Enige EEN) 	1	2	4	3
8.11.1	<ul style="list-style-type: none"> • Die aankoms van Gouws by sy huis • Gouws se tuiskoms (Enige EEN) 	1	2	4	3
8.11.2	Dis vir my lekker om te sien dat daar nog gelukkige gesinne is. Hy is lief vir sy gesin.	1	2	4	3
8.12	<ul style="list-style-type: none"> • Ware geluk kom net as jy vrede met jou omstandighede het. • Daar is iets positief in alles wat negatief is. • Jy moet ander mense help. (iets soortgelyk) 	1 [20]	2	4	3
DENKVLAK 1: 8/20 (40%) DENKVLAK 2: 8/20 (40%) DENKVLAK 3: 4/20 (20%) = 100%					

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 120